

## Die sewende dag – dag van rus (OP122)

Gen 2:1-3

26 Maart 2023

Vandag is dit die vierde keer dat ons by Gen 1 en 2 stilstaan. Tot dusver het ons geleer dat God se oorkoepelende doel met die skepping is dat die aarde gevul sal wees met Sy heerlijkheid. Vir hierdie doel het God alles geskep uit niks. Ons het gesien hoe daar vordering in God se skepping is van niks tot 'n woeste, leë, donker en met water bedekte aarde in Gen 1:2, daarna tot 'n aarde wat gereed en georden is om lewe te ontvang na die eerste drie skeppingsdae, en gedurende die laaste drie skeppingsdae vul God hierdie skepping met die son, maan en sterre, asook met verskeie lewensvorme: die voëls in die lug, die seediëre in die see, die landdiere op die droë grond, asook die mens. Al hierdie lewensvorme moet vermeerder en hulle onderskeie dele van die skepping vul. Boonop is die mens na God se beeld geskape, en ontvang die opdrag om te heers oor die diere en om die aarde te onderwerp. As elkeen van hierdie lewensvorme hulle verantwoordelikhede getrou nakom, sal die aarde gevul wees met lewe tot God se eer, en so sal die aarde gevul wees met God se heerlijkheid. Uit Gen 2 se beskrywing van die tuin van Eden wat God as Verbondsgod aangeplant het as 'n woonplek vir die mens, het ons geleer dat hierdie tuin 'n eerste tempel was wat baie ooreenkomste getoon het met veral die Heilige in die latere tabernakel. Adam en Eva sou kon verwag om na die Allerheiligste aan te beweeg as hulle getrou gehoorsaam al God se opdragte volledig voltooi het. As hulle egter ongehoorsaam sou wees, was daar geen brandofferaltaar of waskom waarin hulle skoon gewas kon word nie, en daar was ook geen verbondsark waarin hulle kon skuil nie. Daarom word hulle na die sondeval uit die tuin gestuur, e moet opnuut inkom langs die nuwe lewende weg.

Vandag wil ek stilstaan by die sewende dag, soos wat dit vir ons beskryf word in Gen 2:1-3. Ek wil dit oordink deur eers te besin oor die sewende dag as God se rusdag, daarna wil ek besin oor die rus van die gelowige, en laastens wil ek God se rus en ons rus saamvat.

### Die sewende dag: God se rusdag

Gen 2:1-3 beskryf vir ons die sewende dag. Kom ons lees dit weer.

Die eerste punt wat ons moet raaksien is dat God se skeppingswerk op die sewende dag voltooi was – beide verse 1 en 2 onderstreep dit. Gen 1:1 het al vir ons beskryf dat God die hemel en die aarde gemaak het. Ons het geleer gedurende die ses skeppingsdae het God orde gebring en 'n omgewing geskep waarbinne lewe moontlik is: Hy het lig en donker geskei, Hy het water bo die gewelf geskei van water onder die gewelf (d.w.s. Hy het die hemelruim en die see geskei), Hy het die see van die aarde of droë grond geskei, en ook plante as voedsel geskep. Daarna het God die skepping begin vul met verskeie elemente: die son en maan moet lig gee en tyd hou, Hy het die eerste voëls geskep en in die hemelruim geplaas, so ook die eerste seediëre in die see, die eerste landdiere en eerste mense op die land. God het ook spesifieke opdragte aan Sy skepsels gegee wat hulle moet uitvoer.

Maar nou is God se skeppingswerk klaar. As al hierdie elemente in die skepping hulle verantwoordelikheid nakom, sal God se doel met die skepping bereik word. God gaan nie nog voëls/seediëre/landdiere/mense skep nie. Nee, dis hulle verantwoordelikheid van hier af om te vul. God verwag van die mens wat na Sy beeld geskep is, om te heers oor al hierdie dinge sodat, soos die aarde meer en meer gevul word, God se heerlijkheid sal toeneem.

Omdat God se skeppingswerk voltooi was gedurende die ses skeppingsdae, dáárom het God op die sewende dag gerus. Lees weer vers 2. Let op dat vers 2b spesifiek sê “en Hy het op die sewende dag

gerus van al Sy werk wat Hy gedoen het". Watter werk is dit wat gedoen het? Tog sekerlik Sy skeppingswerk. Vers 3b maak dit baie duidelik: "want op dié dag het Hy gerus van al Sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak". Op die sewende dag rus God dus van Sy skeppingswerk, en Hy rus daarvan want dit is klaar, dit is voltooi. Heb 4:3b bevestig dit as daar staan: "... God se werke (was) reeds vanaf die grondlegging van die wêreld afgehandel". Die gevolg is God kan nou rus van sy skeppingswerk.

Let daarop dat die eerste ses skeppingsdae telkens afgesluit is met die stelling: "En dit was aand en dit was oggend – 'n ....de dag". Elkeen van daardie dae is dus afgesluit – dit is afgesluit met 'n aand en 'n oggend. Maar ons lees dit nie van die sewende dag nie. Daar staan nêrens "En dit was aand en dit was oggend – 'n sewende dag" nie. Ons moet dus aflei die sewende dag duur steeds voort. God rus steeds van Sy skeppingswerk. Duidelik het God nie op dag 8 weer begin skep nie – immers is Sy skeppingswerk klaar.

Ek het al vantevore verwys na die feit dat baie oortuig is dat die ses skeppingsdae letterlike dae van 24 uur was. By die redes wat ek destyds aangevoer het hoekom ek nie oortuig is ons moet dogmaties aan ses 24 uur periodes vashou nie, wil ek voeg dat dit baie duidelik is dat die sewende dag definitief nie 24 uur was nie – dit duur steeds voort. As die sewende dag nie 24 uur is nie, beteken dit dat die term "dag" nie noodwendig 24 uur beteken nie (soos wat ons ook al vantevore gesien het), en moet dit ook beteken dat die ander ses dae nie noodwendig 24 uur hoef te wees nie.

Dit is egter belangrik om raak te sien dat daar 'n verskil is tussen die eerste ses skeppingsdae en die sewende dag in die sin dat die ses skeppingsdae telkens afgesluit is, terwyl die sewende dag nie afgesluit is nie. Elk van die ses skeppingsdae is afgesluit, want God se skeppingswerk vir daardie dag is afgehandel, maar die sewende dag is nie afgesluit nie, want God rus steeds van Sy skeppingswerk.

Ek wil egter ook die volgende uitwys: Kyk weer na die gebeure op elk van die ses skeppingsdae. Elke dag begin met: "God het gesê..." en dan volg wat God gesê het, en wat God gesê het gebeur. Wanneer alles wat op daardie spesifieke dag moes gebeur, gebeur het, m.a.w. wanneer die skeppingsgebeure van daardie dag afgehandel is, dan staan daar "En dit was aand en dit was oggend – 'n ....de dag". Dit lyk dus of God geskep het gedurende die loop van die dag, en dat dit opgevolg is deur 'n periode van rus sonder skeppingswerk gedurende die nag – van die aand tot die volgende oggend. Ons kry dus die indruk op dag 1 het God deur die loop van dag 1 geskep, en toe oornag gerus, op dag 2 het God gedurende die loop van die dag geskep, en toe oornag gerus, en dieselfde op dae 3, 4, 5 en 6. En op dag 7 het God gerus – en Hy rus steeds, want al Sy skeppingswerk is klaar. Ek kom later terug hierna.

Beteken dit nou dat God onaktief was op die sewende dag, en by implikasie dat God sedert die einde van die sesde dag tot vandag toe, onaktief is? Kom ons lees Joh 5:15-18. In hierdie gedeelte gaan dit oor die man wat al vir 38 jaar bedlêend was by die bad van Betesda, omdat niemand hom kon help om betyds in die water te kom na dit geroer is nie. Jesus het hom egter gesond gemaak, let op, juis op 'n sabbatdag. Dit krap die Jode om, want die man dra sy goed op 'n sabbatdag. Uiteindelik vind hulle uit dit is Jesus wat die man gesond gemaak het, en hulle konfronteer Jesus. Jesus se antwoord is: "My Vader werk tot nou toe, en ek werk ook". Ons moet dus verstaan dat God die Vader en Jesus steeds werk, maar tog ook steeds rus. Trouens, selfs op die sabbatdag werk die Vader en Jesus - deurdat hierdie man gesond gemaak word. Hoe klop dit met wat ons uit Gen 2 redeneer dat God steeds rus? Dit is eintlik relatief eenvoudig: God rus steeds van Sy skeppingswerk, want Sy skeppingswerk is klaar – dit is immers juis waarvan God rus volgens Gen 2:3 . Maar daar is meer dinge wat God doen. Sedert die sondeval is Hy ook besig met verlossingswerk. Die genesing van hierdie bedlêende man is nie deel van God se skeppingswerk nie, maar wel deel van Sy

verlossingswerk. God rus steeds van Sy skeppingswerk, terwyl God ook terselfdertyd steeds werk aan Sy verlossingswerk.

### Die rus van die gelowige

Lees Gen 2:3. God het die sewende dag geseën en dit heilig verklaar. Die feit dat die sewende dag geseënd en heilig is, beteken die dag het 'n unieke karakter. Die feit dat God dit geheilig het, beteken God het die sewende dag afgesonder van al die ander dae, en Hy het dit afgesonder as 'n besondere dag vir Hom. Soos wat ons gesien het dat verskeie ontwikkelingslyne in Gen 1 begin en dan ontwikkel deur die res van die Bybel, is dit ook waar van die sewende dag – hierdie dag wat God heilig verklaar het. Kom ons kyk na 'n paar plekke:

- In Lev 23:3 lees ons: “Ses dae lank moet werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n buitengewone sabbat, 'n heilige byeenkoms. Julle mag geen werk doen nie. Dit is 'n Sabbat vir die Here, waar julle ook al woon”. Hier word die sabbatdag, oftewel die sewende dag, gelys as een van die feesdae van die volk. Op hierdie dag mag hulle geen werk doen nie, natuurlik in navolging van die feit dat God op die sewende dag nie gewerk het deur te skep nie. Boonop moet hulle op die dag 'n gewyde byeenkoms hou want hierdie dag is vir die Here. Dit is tog die gevolg van die feit dat die Here in Gen 2 die dag as heilig verklaar het.
- In Eks 20 en Deut 5 word die viering van die sabbatdag as die 4de gebod in God se wet opgeneem. Kom ons kyk eers na Eks 20:8-11. Lees dit. Weereens is dit duidelik dat die sewende dag 'n dag van rus is, wat volg na ses dae se werk. Weereens lees ons dat die dag heilig gehou moet word, en dat dit tot eer van God gehou moet word – immers het God hierdie dag in Gen 2 as heilig verklaar – nou moet die volk hierdie dag as heilig onderhou. In vers 11 is die motivering wat gegee word vir die heiliging van die sabbatdag juis die feit dat God in ses dae alles geskep het en op die sewende dag gerus het. Kom ons kyk nou na Deut 5:12-15. Die inhoud is basies dieselfde as in Eks 20, behalwe dat die motivering in vers 15 nou anders is: I.p.v. om die gebod te motiveer na aanleiding van God se rus op die sewende dag na die ses skeppingsdae, word dit hier gemotiveer deur die feit dat God die volk uit Egipte verlos het waar hulle slawe was. Dit word dus hier gemotiveer op grond van die feit dat God hulle verlos het. Kan ek jou herinner aan wat ons vroeër gesê het: God se skeppingswerk is afgehandel en Hy rus daarvan, maar God werk steeds en is juis nou besig met Sy verlossingswerk. Eks 20 motiveer die rusdag deur te verwys na God se skeppingswerk, terwyl Deut 5 dit motiveer deur te verwys na God se verlossingswerk. As God dus die sewende dag afsonder en heilig en die volk beveel om nie op die dag te werk nie, dan wil God dus dat die volk hulle op hierdie dag sal verdiep in Sy werk – enersyds in Sy skeppingswerk, en andersyds in Sy verlossingswerk.
- In Eks 16:22-30 lees ons van God wat manna aan die volk verskaf om te eet. Onder andere lees ons dat hulle die sabbatdag moes respekteer – op die 6de dag moes hulle dubbel optel om genoeg te hê vir die sewende dag. Boonop was daar nie op die sabbatdag manna om op te tel nie. Duidelik wil God hê dat hulle die sabbatdag moes heilig hou.
- Daar was ook die instelling van die sabbatsjaar – elke sewende jaar. Jy kan daarvan lees in Lev 25. Gedurende hierdie jaar mog die volk nie gewasse plant nie – hulle moes eet van wat die veld ookal oplewer. Die sewende jaar was 'n jaar van rus vir die grond. Ook moes grond gedurende die sabbatsjaar teruggaan na die oorspronklike eienaars en slawe moes vrygelaat word. Die slawe moes sekerlik uitgesien het na die sabbatsjaar as die jaar van hulle verlossing. Weereens is hier 'n klem op God se skeppingswerk en Sy verlossingswerk.

Ons moet egter ook onthou God het op die sewende dag gerus na ses dae van skeppingswerk. Netso is die rus vir die gelowige ook gekoppel aan die feit dat hy vir ses dae moet werk. Onthou wat die vierde gebod sê: “Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is ‘n Sabbat ter ere van die Here jou God” (Eks 20:9-10a). Daar is twee aspekte aan die vierde gebod: Ja, ons moet rus op die sewende dag – maar ons moet ook op die ander ses dae werk. Waar kom hierdie werksopdrag vandaan? Natuurlik ook van die skepping af. In Gen 1:28 lees ons: “God het hulle geseën; God het vir hulle gesê: ‘Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit, Heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde rondbeweeg’”. Laasweek het ons in Gen 2:15 gesien dat God vir die mens gesê het hulle moet die tuin bewerk en oppas. Ja, God het alles geskep, en kan ek dit maar so uitdruk: God het alles aan die gang gesit. Maar God het die mens na Sy beeld geskep, en God het aan hom die verantwoordelikheid gegee om dit verder te voer. Nou moet die mens, as God se beeld, heers oor die diere, hy moet die aarde onderwerp, hy moet die tuin bewerk en bewaak. Dit is ‘n mondvol! Dit sluit in:

- Hy moet heers oor die voëls, visse en diere. Dit beteken: Hy moet die wêreld bestuur en ruimte maak vir al die diere en die mens om in harmonie saam te lewe. Hier is duidelik ‘n fokus op ons daaglikse werk. Ons moet ons daaglikse werk so goed moontlik doen: Byvoorbeeld, as jy ‘n onderwyser is, maak seker die kinders word so goed moontlik geleer sodat hulle effektief kan bydra om te heers oor God se skepping.
- Bewerk die tuin: Onthou: die tuin was die eerste tempel. Om die tuin te bewerk beteken dus om God se heiligdom (i.e. die kerk) te bewerk, of instand te hou. Ons moet dus sorg dat daar middele (fisiese middele, maar ook geestelike gawes) is om die kerk aan die gang te hou. Dit beteken: Ons moet preek, bid, leer, opbou, bemoedig, die armes versorg en nog meer.
- Bewaak die tuin: Dit beteken bewaak God se heiligdom (i.e. die kerk of die gemeenskap van gelowiges), teen die werk van die duiwel, die diere uit die see en die diere uit die aarde en hulle aanhangers. Onthou, hierdie diere is die owerhede en vals godsdienste. Dit beteken dus ons moet die kerk bewaak teen aanslae uit al hierdie rigtings.
- Onderwerp die aarde: Dit beteken ons moet werk maak daarvan dat God se koninkryk groei tot dit die hele aarde vul.

Dit is waarmee die mens, wat na God se beeld geskep is, hom moet besig hou vir ses uit elke sewe dae. Hier is baie werk, en groot werk. Dit was in wysheid dat God elke sewende dag afgesonder het as ‘n dag van rus. Ons as mense het dit nodig as ons hierdie opdragte wat God alreeds met die skepping vir ons gegee het, werklik ernstig opneem en uitvoer. Op die sewende dag moet ons weer gaan dink oor die sin van alles. Ons moet ons afsonder en onthou dit het begin by die skepping – toe God alles geskep het en op die sewende dag gerus het, dit was toe dat Hy aan ons hierdie verantwoordelikhede gegee het. Ons moet op die sewende dag ons ook afsonder en onthou waarheen dit alles oppad is: God se heerlijkheid moet die hele aarde vul. Op die sewende dag moet ons batterye gelaai word, sodat ons opnuut met die regte perspektief ons opdragte gaan nakom.

Let op: hierdie opdragte is deur God aan die mens gegee voor die sondeval. Ons moet ophou dink aan ons werk as deel van ons straf oor ons sondeskuld. Nee, ons daaglikse werk en ons werk in die kerk in God se koninkryk is skeppingsopdragte sodat die skepping by God se doel kan uitkom. Dit is wanneer ek alles wat ek doen begin sien in die lig van onderwerp, bewerk en bewaak dat ek begin agterkom hoe nodig ek dit het om elke sewende dag te kan rus – om te dink aan God se skeppingswerk en ook aan Sy verlossingswerk.

Maar rus het in die Bybel meer betekenis as net die feit dat ons elke sewende dag as rusdag wat vir die Here afgesonder is, moet hou. Kyk na die volgende plekke in die Ou Testament:

- Toe Moses met die Israeliete gepraat het op die Moabsvlakte net voor hulle die beloofde land ingegaan het, sê hy vir hulle in Deut 12:10 dat die Here hulle God in die land vir hulle rus sal gee van al hulle vyande. In Josua 11:23 lees ons dat toe Josua-hulle die land ingeneem het, kon die land rus van oorlog. In 2 Sam 7:1 (net voor die instelling van die Dawidverbond) lees ons die Here het Dawid rus gegee van al sy vyande rondom hom.

Ek glo dit is duidelik dat rus hier geassosieer word met God se verlossingswerk. Die volk is verlos uit Egipte en na 40 jaar in die woestyn kan hulle die beloofde land inneem en hulle en die land kan rus. Dawid kan sy vyande oorwin en rus. Na die afhandeling van God se skeppingswerk, rus God op die sewende dag van Sy skeppingswerk, maar God werk steeds aan Sy verlossingswerk, en die resultaat van Sy verlossingswerk is rus vir die volk en rus vir Dawid.

Die Nuwe Testament neem dit selfs nog verder:

- Lees Heb 4:8-11. Hier is dit duidelik dat “rus” nie net verder strek as die rus op die sewende dag nie, dit strek selfs ook verder as die rus van die volk toe Josua hulle in die beloofde land ingelei het en hulle daar kon rus. Ja, daar is selfs nog ‘n beter rus – die werklike volk van God, d.w.s. die ware gelowiges, gaan in hierdie beter rus in, waar hulle sal rus van hulle werke.
- Op 14:11-13 help ons om te verstaan waarna die Hebreërskrywer verwys. Lees dit. In vers 11 word dit duidelik dat die mense wat die dier en sy beeld aanbid het, d.w.s. die ongelowiges, vanaf die oordeelsdag tot in alle ewigheid dag en nag geen rus gaan hê nie, maar vir altyd gepynig gaan word met vuur en swael. Daarteenoor, leer vers 13, is daar diegene wat in die Here gesterf het – hulle uiteinde is dat hulle sal rus, hulle sal rus van hulle geswoeg. Ek glo ons verstaan almal dit beteken hulle gaan die ewige heerlijkheid in (i.e. in die ware Allerheiligste in) – waar hulle sal rus.

Beide Heb 4:10 en Op 14:13 sê dus dat die gelowiges na hierdie lewe, gaan rus, en hulle gaan rus van hulle werke. Die vraag is nou: Watter werke moet ons in gedagte hê waarvan die gelowiges in die hiernamaals gaan rus? Wel, dit moet tog sekerlik die werk wees waarmee hulle besig moet wees gedurende die ses dae tussen opeenvolgende rusdae. Hulle gaan rus van daardie opdragte wat God vir hulle gegee het tydens die skepping. Hulle gaan rus daarvan om die aarde te onderwerp, om te heers oor die diere, om die tuin (oftewel God se koninkryk) te bewerk en te bewaak. Die rus op die sewende dag na ses dae se werk, kyk vooruit na hierdie finale rus in die hiernamaals. Maar hoekom kan hulle dan rus? Want hulle aandeel om God se skeppingsopdragte aan die mensdom uit te voer, is afgehandel. Soos wat God op die sewende dag gerus het toe Sy skeppingswerk klaar was, so mag die gelowiges in die hiernamaals rus omdat hulle aandeel aan God se skeppingsopdragte klaar is. Soos wat God se rus van Sy skeppingswerk steeds voortduur, so sal hulle rus ook vir ewig voortduur.

Maar waarmee gaan hierdie gelowiges hulle besig hou in hierdie rus in die hiernamaals? Gaan hulle passief wees? Onthou wat die geval met God was toe Hy gerus het omdat Sy skeppingswerk afgehandel was: Hy het voortgegaan met Sy verlossingswerk. Kom ons lees Op 5:8-10. Onthou in hierdie verse lees ons van die hemelse troonvisioen – dit speel in die hemel af. Ons lees hier van onder andere die 24 ouderlinge wat voor die Lam neerval. Die 24 ouderlinge is natuurlik verteenwoordigers van die gelowiges of die kerk in die Ou en Nuwe Testament. As hulle voor die Lam neerval, sing hulle ‘n nuwe lied. As die Bybel verwys na ‘n nuwe lied, is dit tipies ‘n lied wat handel oor verlossing. Dit is ook die geval hier: die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge besing die

Lam wat geslag is en wat met Sy bloed mense vir God gekoop het uit elke geslag en taal en volk en nasie. Dit is 'n lied oor hulle verlossing. Hulle sing daarvan dat die Lam hulle 'n koninkryk en priesters gemaak het vir God. Ja, hulle rus van hulle skeppingsopdragte, want dit is klaar. Maar hulle is nie passief nie – hulle sing van die verlossing wat God vir hulle bewerk het. En dit is juis wanneer die getal van die gelowiges om God se troon wat sing van hulle verlossing, vol geword het, dit is dan wat die Nuwe Jerusalem uit die hemel gaan neerdaal, en dit is dan wat God se heerlikheid die hele aarde sal vul.

#### Samevatting:

Kan ek probeer saamvat wat ons tot dusver gesien het:

In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Gedurende die ses skeppingsdae verander God 'n woeste, leë, donker en met water bedekte aarde na 'n woonplek vir lewe en plaas 'n verskeidenheid lewensvorme in die verskillende dele van die skepping. Uit Gen 1 blyk dit dat God gedurende elke dag die skeppingswerk van daardie spesifieke dag voltooi het, en elke dag word opgevolg deur 'n periode van rus oornag. Na ses skeppingsdae is God se skeppingswerk afgehandel en Hy rus op die sewende dag. Hierdie rus van God se skeppingswerk duur steeds voort, want na ses skeppingsdae was God se skeppingswerk klaar. God is egter nie sedertdien onaktief nie – nee, Hy werk steeds, deurdat Hy besig is met Sy verlossingswerk. Dus: Vir 6 dae het God geskep en gerus, geskep en gerus totdat Sy skeppingswerk klaar was. Sedertdien rus Hy van Sy skeppingswerk, maar werk aan Sy verlossingswerk.

Toe God op dag 6 die mens geskep het, het Hy verskeie werksopdragte aan die mens gegee: hulle moet heers oor die diere, hulle moet die aarde onderwerp en hulle moet die tuin bewerk en bewaak. Toe God op die sewende dag gerus het van Sy skeppingswerk, het Hy die sewende dag geseën en dit geheilig. Met verloop van tyd word dit duidelik dat God wil dat die mens gedurende ses dae moet fokus op hulle skeppingsopdragte, en dan op die sewende dag moet hulle rus. Soos wat God nie passief is as Hy rus van Sy skeppingswerk nie, wil God ook nie dat die mens passief moet wees op die sewende dag nie. Nee dit is 'n dag wat vir die Here afgesonder is waarop die mens moet dink aan God as sy Skepper en ook aan God as sy Verlosser. Maar soos wat God se rus van Sy skeppingswerk 'n ewige rus is wat steeds voortduur, so beloof God ook aan die mens meer rus as net elke sewende dag. Hy beloof aan die gelowige mense 'n ewige rus. Soos wat God gedurende die skeppingsweek geskep en gerus, geskep en gerus het tot Sy skeppingswerk voltooi is, so wil God dat die mens 6 dae moet werk aan sy skeppingsopdragte, en dan rus op die sewende dag, dan weer 6 dae werk aan sy skeppingsopdragte, en rus op die sewende dag – tot die mens se skeppingsopdragte klaar is – dit is aan die einde van sy lewe hier op aarde. Dan gaan die mens die ewige rus in – soos God. Maar soos God nie passief is in Sy ewige rus van Sy skeppingswerk nie, maar Hy voortgaan met Sy verlossingswerk, so gaan die mens ook nie passief wees in sy ewige rus wanneer sy skeppingsopdragte afgehandel is nie – nee, hy gaan dan fokus op die verlossing wat God intussen bewerk het en hy gaan God verheerlik deur 'n nuwe lied daarvoor te sing.

#### Implikasies

Kan ek kortliks drie implikasies vir ons uitlig:

- Respekteer elke sewende dag as rusdag. Daar word dikwels geredeneer of gelowiges nog die vierde gebod moet hou. Is die onderhouding van die sabbatdag nie opgehef saam met al die ander Ou Testamentiese feeste met Jesus se koms nie? Ek dink nie so nie. Daar is 'n verskil: elke sewende dag as rusdag is deel van God se skeppingsopdragte aan die mensdom. Dit is selfs voor die sondeval al ingestel. Die ander Ou Testamentiese feeste het eers later gevolg

en wys tipies na die verlossing wat Jesus sou bring weens die sonde. Daarom is hierdie feeste vervul met Sy koms. Maar ons skeppingsopdragte, insluitend om elke sewende dag as rusdag deur te bring, staan steeds. Dit is gegee tydens die skepping, voor die sondeval. Na die sondeval was dit steeds geldig (soos ons later sal sien). Dit was geldig in die Ou Testament en is vandag steeds geldig. Dit sal geldig wees tot alle mense hulle deel van die skeppingsopdragte afgehandel het met Jesus se wederkoms. Dit word verder bevestig deurdat die onderhouding van die ses dae werkswaek en 'n sewende dag van rus in God se wet opgeneem en is deur God self op 'n kliptafel geskryf is. In elk geval, as jy die res van jou skeppingsopdragte met erns nakom, sal jy ervaar jy het behoefte om elke sewende dag te mag gebruik om opnuut te besin oor God se skeppingswerk en oor God se verlossingswerk – waar dit alles vandaan kom en waar dit alles heen op pad is. As jy dit verantwoordelik gebruik, is dit een van die middele wat jou sal help om jou ander skeppingsopdragte effektief uit te voer.

- Respekteer jou skeppingsopdragte. Ek het vandag net gefokus op die skeppingsopdragte wat fokus op ons werk – maar onthou daar is nog meer skeppingsopdragte: Ons moet vermeerder en die aarde vul. Adam en Eva het ook nog die opdrag gehad om nie te eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. As jy al hierdie opdragte saamvoeg, vind jy dit omsluit jou daaglikse werk, jou werk in jou gesin, jou werk in die kerk en jou werk in die gemeenskap. Elkeen van hierdie opdragte dra daartoe by dat God se doel met die skepping realiseer. Ja, God kon hierdie doel bereik het sonder om dit deur mense te doen. Maar Hy het nie – Hy het besluit om vir ons verantwoordelikhede te gee. Kom ons kom dan hierdie verantwoordelikhede na.
- Sien met opgewondenheid uit na daardie ewige rus, waaraan elke sewende dag ons herinner. Raak opgewonde saam met Paulus as hy in Rom 5:2 sê ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God. Wat kan heerliker wees as om te deel in die heerlikheid van God en om Sy heerlikheid te mag besing? Onthou wat die Hebreërskrywer in Heb 13:15 geskryf het nadat hy in die vorige vers gesê ons is op soek na die toekomstige stad – wat natuurlik die nuwe Jerusalem is. Hy sê: “Laat ons dan voortdurend deur Hom (d.i. Jesus) 'n loffer aan God bring” Ja, in die hiernamaals is dit waarmee ons besig gaan wees – om loffers aan God te bring. Maar ons het nou al reeds genoeg rede om reeds loffers aan Hom te bring. Kom ons doen dit dan nou al.